



TOULEIER

Ek kry toe die volle trietment in die salon

Dis lekker tipies woestyn hier vandag met hitte wat snik en die stof wat orals inkruipe en op als gaan lê.

Laat my dink aan daardie ses maande in Circle City. Vir dié wat nie weet nie, dis 'n myndorp êrens in die Vrystaat waar mens altyd welkom voel.

Dis waar ek die een stofstormmiddag so teen vieruur met hoofligte aan van die myn af gekom het en Kamermaatjie vir my 'n boodskap op my kussing gelos het. Dis nie soseer wat sy geskryf het nie, maar *hoe* sy dit gedoen het, wat die storie tot 'n punt gedryf het. Op my kopkussing in 'n dik stoflaag, het die woorde gestaan: 'Hier moet ons weg.' 'n Maand later is ons Stilfontein toe. Een plat aarde vir 'n ander verruil.

So, laat ons nie kla nie, en terugkeer na die stof van Doha en sy blinkkant bietjie wys. Ek kla maar meeste dae met die gesondheidsbrood onder die arm. Hier is broodbak 'n spesialiteit. Van Franse langbrode tot *pumpernickels*, jy moet net weet by watter winkelsentrum jy moet gaan soek.

En van die pampers wat ek reeds vertel. Ná daai pedikuur en voetmassering gaan ek toe mos terug haarkapperstraat toe. Neem my plek in op een van die voorlopers van die Lazyboy, 'n outydse agteroorlê haarkapperstoel. Met groot seremonie word daar 'n witjas aangetrek en dan 'n papier mondkerm. 'n Mens sou sweer jy word vir 'n operasie voorberei. Eintlik 'n goeie ding, want dit hou kieme en vrot asem darem op hulle plekke.

Dan word 'n plastiek laken oor my gegooi en word die kraag gevorm met so 'n strepie wit rekpapier. Hy beduie hoe wil ek my hare hê. Nou het ek darem al geleer hoe om te beduie Ek is darem ook nie meer so senuweeagtig oor die gevolge van misverstand soos ek was na my Hongkong haarsny-ervaring nie.

Die kêrel is toe heel bedrewe met beide skêr en masjien en gou begin ek half indommel van pure lekkerte.

Toe kom die nuwe ervaring. Ek het laas besluit die massering van 'n mens se hele kop, gesig en amper jou hele bolyf as deel van die diens is nou nie eintlik my doppie brandewyn nie – laat liewer die sagter geslag daai dinge aan my doen.

Toe hy sy vingers saamvleg en sy kneukels begin kraak vir die grênd finale, beduie ek nee dankie, ek is klaar, wil my R40 betaal en loop.

Maar die man vat nie nee vir 'n antwoord nie. Hy gaan my nie in so 'n half behandelde toestand uit sy winkel laat gaan nie. Druk my ferm terug in die stoel en vat-vat so aan my baard.

Nee, ek wil dit nie getrim hê nie. Hy skud net sy kop en gaan haal so 'n klein skêrtjie met lang puntjies uit sy laai. Versigtig en behendig begin snip snip hy hier en daar. Beweeg op na die snor toe en kam en snip verder. Dan word my neus opgedruk en begin hy die hare in my neus knip. Die gesig masker kry skielik ekstra mening en ek lê stokstyf en wag dat die sjirurg moet glip.

Nog is dit het einde niet. Nou word my wenkbroue met 'n klein kammetjie gelig en gesny. Nadat hy selfs my oore bygekom het, is hy uiteindelik bereid om my vry te laat. By die huis is Kamermaatjie ook beïndruk hoe netjies en lyk.

Moet sê, ek sal miskien weer terug soontoe.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

SÓ TEKEN JY IN OP KAMMANUUS

Intekengeld : R120 per jaar

Ons Bank: Eerste Nasionale Bank - Sandton

Rekeninghouer: Tsamma Enterprises

Tipe Rekening: Tjek Rekeningnommer: 620 596 474 23 Takkode:254 605



Om die kampvuur

MAXINE

Dinge gebeur gewoonlik omdat iemand droogmaak het



My hond se lekker lewe

- My hond slaap 20 uur per dag.
- Sy kos word vir hom voorberei.
- Hy eet net wanneer hy lus het, elke dag van die jaar.
- Sy maaltye is gratis.
- Hy besoek die dokter een keer per jaar vir 'n roetine-ondersoek, en tussenin as dit nodig is - gratis.
- Hy bly in 'n goeie woonbuurt in 'n huis wat heeltemal te groot is vir sy behoeftes en sonder om tot die instandhouding by te dra of huur, erfbelasting of vir water en krag te betaal.
- As hy mors, maak iemand agter hom skoon.
- Die koste vir bogenoemde word betaal deur mense wat elke dag opstaan en gaan werk.

En terwyl ek so hieroor dink, tref dit my:

My hond is seker 'n lid van die ANC!


Het jy geweet?



Om 'n halwe kilogram heuning te maak, moet bye die nektar van meer as twee miljoen individuele blomme versamel.

'n Sonsverduistering kan nie langer as 7 minute 58 sekondes duur nie weens die spoed waarmee die aarde om die son beweeg.

Dit duur een miljoen jaar voordat glas vergaan – wat beteken dit kan eindeloos herwin word.



Dinge wat net in rolprente gebeur

As jy mooi en blond is, is dit heeltemal moontlik om op 22-jarige ouderdom 'n kenner van kernfusie te wees.

Gedurende alle polisie-ondersoeke sal dit nodig wees om 'n ontkleekklub minstens een keer te besoek. Niemand weet hoekom nie.

Alle beddens het spesiale L-vormige deklakens wat tot onder die armholtes van 'n vrou strek, maar net tot by die middellyf van die man wat langs haar lê.

As die held in die fliek 'n vegvlieënier is, kan hy met sy motorfiets op die aanloopbaan jaag en 'n ten volle bewapende vegvliegtuig sal vol brandstof vir hom staan en wag.

Jy sal waarskynlik enige veldslag oorleef, TENSY jy die fout begaan om iemand 'n foto van jou geliefde tuis te wys.

CONFUCIUS

Oorlog sê
nie wie reg
is maar wie
weg is



ALKOHOL

Ek voel jammer vir mense wat nie drink nie. As hulle wakker word, is dit so goed as wat hulle heeldag gaan voel. -- Frank Sinatra

Al die stories oor hoe sleg drank vir jou is het my laat ophou lees.

-- Henry Youngman



Duskantlander in Anderkantland

Ysmasjiene is nodig in Antarktika

"Wie wil nou bier drink by kamertemperatuur?
Daarom is hier yskaste wat die bier en
wyn net mooi koud hou."

Deur GERARD DE JONG

Tydens my onderhoud vir die pos as elektriese ingenieur by die SANAE 4 basis het ek genoem dat ek oor kwalifikasies beskik om verkoeling te doen, maar dat dit seker nie van toepassing is op die pos waarvoor ek aansoek doen nie. Hulle het lekker gelag.

Ek was net so verbaas soos Hennie om te hoor dat daar yskaste en vrieskaste in Antarktika is. Om nie eers van ysmasjiene te praat nie.

Ons bevrore voedsel en vleis word by $-20\text{ }^{\circ}\text{C}$ gestoor in 'n inloop-vrieskas van ongeveer 25 vierkante meter. Ons kon dit seker in 'n gat in die sneeu buite gestoor het, maar wie wil nou in 'n wind van 150 km per uur buite toe gaan om die gat oop te grawe om 'n paar *rump* steaks te gaan haal? En dan nog in die donker ook.

Groente, eiers, ensovoorts, word in 'n verkoelde vertrek by $+5\text{ }^{\circ}\text{C}$ gestoor. Ja, ons het nog steeds aartappels, appels, uie en baie knoffel hier. Die aartappels begin al sag word en loop uit. Die uie ook. Die perskes het eerste bederf. Ons het bokse vol weggegooi. Plaas dat ek toe al begin mampoer stook het. Nou sal ek met blikkies perskes moet stook!

Die basis word intern verhit deur die oortollige hitte van die diesel-kragopwekkers te gebruik. Enjins se verkoelingswater en uitlaatgasse se hitte word daarvoor gebruik. Al hierdie hitte word by die kragopwekkers gebruik om water te verhit.

Die verhitte water word dan deur die basis gepomp tot waar hitte benodig word. Daar word die hitte weer omgesit in warm lug. Die hele basis is dus gerieflik warm binne.

Binne in die basis kan jy meestal met 'n kortbroek, T-Hemp en plakkies rondloop. Selfs die warm water vir was, stort en skottelgoedwas kom van hitte-uitruilers in die enjinkamer. Die warm water word gesirkuleer sodat daar dadelik warm water is as 'n kraan oopgedraai word.

Wie wil nou bier drink by kamertemperatuur? Nie almal hier is Engelse nie. Daarom is daar in die kroeg en 'n paar ander plekke yskaste wat die bier en wyn net mooi koud hou. Die melk ook. (langlewe boksmelk).

Daar is ook twee ysmasjiene hier. Een in die kroeg en nog een in die eetvertrek. Onthou dat nie almal van ons hier bedmaatjies het wat ons na buite kan stuur om ys te gaan haal vir 'n dop nie.

Net soos baie Duskantlanders het ons 'n somerbasis by die see. Ons noem dit sommer *die huisie by die see*. Dit is 7 km van die Duitse Neumayer-basis. Dit kan ook dien as 'n noodbasis vir ons sowel as die Duitsers. Die yswal daar is heelwat laer as by die RSA-bukta (die baai naaste aan ons) en maak af en oplaai van goedere makliker.

Die somerbasis word gedurende die oorname-tydperk gebruik vir akkommodasie vir die drywers en ander personeel. By die somerbasis is daar sleg een klein yskassie en geen ysmasjien nie. Die bevrore voedsel word onder die basis in 'n gat in die sneeu gestoor. Voor die gat toegegooi word, word daar eers 'n foto van die voorrade geneem sodat jy weet waar om te grou as jy byvoorbeeld T-been steaks soek.

As die manne en soms vrouens ná werk 'n dop wil gooi, moet iemand met 'n groot plastiekbak gaan sneeu haal vir die dop. Die probleem is dat die mense ná 'n paar doppe mekaar met sneeu begin gooi totdat die hele sitkamerat spierwit is van die sneeu.

Ons het nou gevra vir 'n ysmasjien daar.

**Die koudste gemete temperatuur in Antarktika is $-89\text{ }^{\circ}\text{C}$ (1983) en die warmste $15\text{ }^{\circ}\text{C}$ (1974). Die gemiddelde jaarlikse reënval is 14 mm, hoofsaaklik sneeu.
Die yslaag se gemiddelde dikte is 1,6 km.
Die kontinent bevat 90% van die wêreld se ys en 70% van sy vars water.**

Vroue

Chemiese Analise

Kwantitatief

Element: Vrou

Simbool: Wo

Atoomgewig: Aanvaar as 54 kg maar wissel tussen 48 kg en 80 kg.

Ontdekker: Adam

Voorkoms: Vry algemeen in stedelike gebiede, met 'n ietwat laer voorkoms in voorstede en die platteland. Onderhewig aan seisoenale skommelings.

Fisiese eienskappe

- Oppervlak gewoonlik deur lae verf bedek.
- Kook maklik, vries sonder rede.
- Smelt wanneer spesiaal behandel word.
- Raak bitter as verkeerd gebruik. Kan hoofpyne tot gevolg hê. Hanteer versigtig!
- Word in verskeie vorms aangetref, van edelmetaal tot algemene erts.
- Meegewend wanneer druk op die regte plekke uitgeoefen word.

Chemiese eienskappe

- Toon groot voorliefde vir goud, silwer, platinum en talle edelgesteentes.
- Absorbeer groot hoeveelhede duur bestanddele.
- Ontploff dikwels spontaan wanneer alleen gelaat op afspraak.
- Onoplosbaar in water, maar toon toenemende aktiwiteit wanneer tot op 'n sekere punt in alkohol versadig is.
- Stoot goedkoop materiaal weg. Neutraal betreffende gesonde verstand.
- Grootste geldverterende agent bekend.

Gebruike

- Hoogs ornamenteel, veral in sportmotors.
- In staat om ontspanningsvlakke baie te verbeter.
- Kan onder sekere omstandighede warm en knus wees.
- Kan dinge afkoel wanneer dit te warm raak.

Toetse

- Egte voorbeeld raak pienk wanneer dit in die natuurlike staat ontdek word.
- Raak groen wanneer dit langs 'n beter voorbeeld geplaas word.

Waarskuwing

- Uiters gevaarlik, behalwe in ervare hande. Wees baie versigtig wanneer gehanteer.
- Onwettig om meer as een voorbeeld te besit.

Vroue wat so goed soos mans wil wees het 'n gebrek aan ambisie. -- Timothy Leary



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Boontjie kry sy loontjie

ORVILLE SMITH, 'n winkeleienaar in Augusta, het op die geslotebaan-kamera gesien hoe 'n man 'n skootrekenaar onder sy baadjie wegsteek.

Toe hy die man konfronteer, het hy hom vererg, 'n winkelassistent platgeslaan, sy mes uitgehaal en laat spaander.

Vier seesoldate het hom buite op die sypaadjie voorgekeer, maar hy het die mes gebruik om een van hulle te steek.

'n Ambulans het later die dief hospitaal toe geneem. Sy arms en een enkel was gebreek, 'n hele paar van sy tande was weg en sy ribbes was gekraak. Hy het talle ander kneusings, 'n gebreekte neus en gebreekte kakebeen opgedoen.

Luidens die polisieverlag het hy die beserings opgedoen toe hy gegly en geval het nadat hy die vlootsoldaat gestee het.

Verkeerde tyd vir 'n wind


IN DENEMARKE het 'n man tydens 'n operasie 'n wind gelos en sy kroonjuwele aan die brand gestee.

Die dokter was besig om 'n moesie met 'n elektriese mes van die 30-jarige man se onderstel te verwyder toe sy wind 'n vonkie aan die brand laat slaan het. Sy genitalië was in 'n vlambare operasiespiritus gewee. Hy dagvaar nou die hospitaal.

"Toe ek wakker word, het alles gebrand. Afgesien van die pyn kan ek nie seksueel met my vrou verkeer nie," het hy gesê.

Snydokters by die hospitaal in Kjellerups het gesê dit was 'n "ongelukkige voorval."

Wysheid van die grysheid



SALLY was op pad huis toe ná een van haar sakebesoeke in Noord-Arizona toe sy 'n bejaarde Navajo-vrou langs die pad sien stap.

Sy het stilgehou en die vrou 'n geleentheid aangebied.

Met 'n stil, instemmende knik van die kop het die vrou ingeklim.

Sally het probeer om 'n geselsie aan te knoop, maar die vrou het net geswyg en alles in die kar in detail betrag. Toe sien sy 'n bruin papiersak op die sitplek langs Sally.

"Wat in sak?"

"O dit? Dis 'n bottel wyn wat ek vir my man gekry het."

Die Navajo-vrou het nog 'n rukkie geswyg, en toe met die stil wysheid van 'n bejaarde gesê:

"Goeie ruil."

Deur sy selfoon gered

'n **MAN** het 'n onaangename verrassing gekry toe hy uit sy dekstoel probeer opstaan en vind dat sy kroonjuwele tussen twee houtlatte vassit.

Mario Visjnic het kaal geswem op 'n strand in Kroasië en sy manlikheid het in die koue water gekrimp.

Toe hy op die stoel gaan sit het sy kroonjuwele deur die spasie tussen die latte deurgelip. Die hitte van die son het alles weer tot hul normale grootte laat terugkeer.

Mario is bevry nadat hy die strand se onderhoudsdienste op sy selfoon gebel het. Hulle het 'n span uitgestuur wat die dekstoel middeldeur gesaag het.

(Sê nou sy selfoon se battery was pap?)

Toe glad nie snaaks nie

IN BANGKOK is 'n sirkusdwerg wat sywaarts van 'n trampolien gespring het deur 'n gapende seekoei ingesluk, het die *Pattaya Mail* berig.

Die seekoei het gewag om in die volgende vertoning op te tree.

Meer as duisend toeskouers het wild hande geklap voordat hulle besef het dit is nie deel van die vertoning nie.



Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com



KAN DALK NET WERK

Die ou was in die gimnasium doenig toe hy 'n pragtige mooi meisie raaksien.
 "Watter masjien moet ek gebruik as ek daai oulike dingetjie wil imponeer?" vra hy aan die instrukteur.
 Die instrukteur het hom op en af bekyk, en antwoord: "Probeer die outobank in die voorportaal."

WYNWYSHEID

Die egpaar sit op die stoep van hul huis terwyl die vrou 'n glas wyn drink.
 Skielik sê die vrou: "Ek het jou lief."
 Die man kyk op. "Is dit jy of die wyn wat nou praat?"
 Sy antwoord: "Dis ek . . . ek praat met die wyn."

LUISTER GOED!

Die man was besig om reïnkarnasie aan sy vrou te verduidelik – hoe jy ná jou dood as 'n ander kreatuur terugkeer.
Vrou: "Ek sal daarvan hou om as 'n koei terug te keer."
Man: "Jy is duidelik nie besig om te luister nie."

REGTE MANIER

Gehoor van die ou wat sy trou-video agterstevoor kyk?
 Dis vir hom so mooi as sy vrou se pa haar terugvat en hulle loop so stil-stil uit die kerk uit en vat haar hele familie saam.

MIKE SE ID

Mike was op pad om vir Kallie te gaan kuier toe 'n verkeerskonstabel hom van die pad af trek.
 Hy het stadig om die motor gestap, en vra vir Mike: "Het jy enige ID?"
 Mike: "Enige ID? Waarvan?"

KOMMUNIKASIE

Miskien moet julle hierdie een twee keer lees:

Die vrou sê aan haar man:
 "Gaan asseblief winkel toe en koop vir my 'n karton melk. En as hulle eiers het, koop ses."
 'n Rukkie later keer die man met ses kartonne melk terug.
 Vrou: "Goeie aarde! Hoekom het jy ses kartonne melk gekoop?"
 Man: "Hulle het eiers gehad."

HULLE HET NOGAL 'N PUNT BEET!

Buitelandse hulp kan gedefinieer word as die oordrag van geld van 'n ryk lande aan 'n arm lande.
 - Douglas Casey
 Die regering se siening van die ekonomie kan in 'n paar kort frases opgesom word:
 As dit beweeg, belas.
 As dit nog beweeg, reguleer.
 As dit ophou beweeg, subsidieer.
 - Ronald Reagan, 1986

ANDY CAPP deur Smythe





Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #10

KOEKSISTERS

Stroop

Kook vir 6 minute tesame:

12 k suiker

6 k water

2 t sout

2 t vanielje

Laat stroop yskoud word voor gebruik.

*Goeie idee: Maak stroop vorige aand aan en plaas oornag in yskas.

Pleks van vanielje in stroop, gebruik 2 e suurlemoensap of 2 e Brandewyn.)

Deeg

6 k meel

4 t bakpoeier

1 e botter

2 k melk -verhit tot net voor kookpunt

2 eiers

2 e kouewater

2 t vanilla

Olie vir bak.

Sif droë bestanddele tesame. Laat die botter in 1¼ k melk smelt, en roer by meelmengsel.

Klits die eiers, vanielje en water en orige melk en meng met res van bestanddele tot uitrolbare deeg. Rol sowat 5 mm dik uit, sny en vleg koeksisters. Bak in warm diep olie tot goudbruin en bros aan die buitekant. Doop in yskoue stroop, laat oortollige stroop afdrup.

Die Volledige BEDANKINGSLYS sal na afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

EERLIKE ADVERTENSIE

Ons kan nie iets berei wat naastenby só lyk nie

Maar met die regte bemarking sal jy jou eie bolle eet

En die mamma-beer se pap was kliphard gevries!

MEER OOR KOS

Kos is 'n belangrike bestanddeel van 'n gebalanseerde dieet.

-- Fran Lebowitz

Gesondheidskosse maak my siek.

-- Calvin Trillin

Kos laat my dink aan my Afrika-safari. Iemand het die kurktrekker vergeet, en ons moes dae lank net op kos en water oorleef.

-- W. C. Fields

Die muurbehangsel in restaurante is op dieselfde vlak as die kos in museums.

-- Peter de Vries

Deel van die geheim van sukses in die lewe is om te eet waarvan jy hou en die kosse dit in jou maag te laat uitbaklei.

-- Mark Twain

Vis is die enigste kos wat as bederf beskou word wanneer dit ruik soos wat dit is.

-- P.J. O'Rourke



POSKOETS

Kammanuus se lesers skryf

Heerlike vleisete in Sjina

Lieb Liebenberg, Sjina:

Ek het 'n middagete gereel vir al die *foreigners* en 16 van die 21 het toe op die ou einde saam gegaan. Dit was nou 'n lekker uitstappie en niemand het vir iemand kwaad geword nie!

Dit is nogal 'n prestasie as jy in ag neem dat ons van 8 verskillende lande afkomstig is: SA, Phillippyne, Fransman, Duitser, Nieu-Seelander, Chinese, Amerikaner en Engelsmanne! Gelukkig darem vir Engels want dit is en bly op hierdie stadium die kommunikasietaal in die vreemde.

Ons het die oggend bymekaar gekom en die universiteitsbussie geneem tot by 'n subway-stasie waar ons toe eerder op 'n bus klim en na die restaurant toe ry. Daar is 'n rige 5-ster hotel naby die restaurant en ons het dit bietjie gaan verken! 'n Kamer per nag is R1330 wat glad nie duur is vir die tipe hotel nie.

In elk geval, van daar af is ons toe na die restaurant toe: The Latin Grill Restaurant. Dit is 'n Brasiliaanse kettinggroep en is een van daai waar jy kan eet soveel as wat jy kan vir R78 per persoon. Kelners loop tussen die tafels deur met vleis wat gespitbraai is en sny die vleis af in jou bord. Ideaal vir vleisetters! Lekkerste van als is dat die vleis soos ons s'n by die huis smaak. Ek het soveel geëet dat ek die aand niks wou eet nie! Nogal 'n prestasie want ek is altyd honger.

Daar is 'n orkes van Brasilië en hulle maak die lekkerste Latyns-Amerikaanse musiek. Ons het sommer begin om Mies se verjaarsdag daar te vier want hulle het haar van die verhogie af geluk gewens en met haar kom dans! Het ook Happy Birthday gesing in Engels, Portugees en Chinees.

Almal was agterna dit eens dat dit 'n heerlike wegbreek was en dat ons in die toekoms dit weer moet doen. Ons sal dit 'n *Payday Treat day* noem. Ons beplan om lekker dinge te doen sodat ons dan nie soveel huis toe moet verlang nie!

Mies se verjaarsdag is nou eerskomende Donderdag en dan kom al die mense na ons woonstel toe. Ek gaan kerrie-en-rys maak met vetkoeke. Hoop hulle geniet dit. Elkeen moet ook 'n liedjie of twee saam bring om te speel en ook dan se waarom dit hulle gunstelingliedjie is. Sal julle laat weet hoe dit afgeloop het.

Betottelde Ingelse

Denise Smith, Goodwood:

In die storie oor Marmite was daar ook 'n verwysing na die Britte se reëls en regulasies - diereliefhebbers wat nie wil hê jy moet jou hond of troeteldier 'n "pet" noem nie, hulle is "dierlike metgeselle".

Ek het by Makro in die ontvangs gewerk saam met 'n Engelse dame. Daardie dae was geen kinders toegelaat in Makro nie. Ek het ewe beleefd die klante op Afrikaans en Engels meegedeel: Geen kinders of No kids allowed, please.

Klim sy my in oor my gebruik van "kids" - "Never, never tell parents, no kids allowed. They are not kids, kids are goats."

Ek het haar net aangekyk, en tot vandag as iemand praat van "kids" dan dink ek aan die hoogdrawende vrou wat my tereggewys het in haar taal. Kids of goats, hulle gedra hulle soos goats want hulle hardloop die winkel vol en voetel aan alles.

Hennie, die budjie en kanarie, is hulle wyfies of mannetjies? Net bekommerd jy is miskien in die minderheid in die huis. 'n Kollega van my man het altyd gekla oor sy huishouding as dit die dag moeilik gaan met hom. Het altyd gesê vrou, dogter, skoonma, budjie en wyfiehond is teen hom.

(Nee, Denise, gelukkig is dit darem 50/50 hier by ons, Ek en die kanarie teen Kamermaatjie en die budjie. Ons kom steeds sleg tweede. – Hennie)

Sy soek so 'n Agteros-pen!

Mariaan Vorster, Pretoria:

Lekker gelees aan jou pad huis toe en mensig het julle laaaaang naweek gehad daar in Dakar? - dis 'n lywige koerantjie die week! Baie dankie vir jou harde werk. Dis omtrent so dik soos ons Rekord op 'n Woensdag net voor die einde van die maand... net een verskil Kammanuus het nuus en Rekord bestaan uit advertensies van goed wat ek nie kan bekostig nie.

Die storie oor die pen in Agteros was kosbaar. Ek soek so 'n pen maak die mense om my gek met die *reminders* op my selfoutjie :))



AGTEROS

Net voor uitspantyd

Weerwraak op 'n spietkop

"Eish, you know da force she does not pay too good. We're hungry and the kids she's hungry too . . ."

Ek moet begin deur my hoed te lig vir die polisie wat nog dien en beveilig. My swaer en my suster was in die mag en het 'n paar jaar gelede op pad werk toe gesterf.

Hierdie storie gaan oor my wraak teen die vrot basterbrakke wat uniform dra en voorgee dat hulle van die metropolisie is.

Ek was op pad bank toe toe 'n spietkop my aftrek.

"Sêr, dis is a routeen check, so I'm gonna ênspect yo ca."

Nou kyk, my kar het genoeg elektronika om te toon as 'n veldmuis twee kilometer weg gepoep het, maar ek het besluit om saam te speel. Flikkerligte werk, remligte werk . . . julle kry die idee.

Toe stap ta om na my lisensiekyfie.

"Sêr, you are aware dat your licence, she expired 30 June?"

Ek sê toe ja, maar dit lê nog weke in die toekoms in. Maar ek is nou oortuig die man kyk my aan soos 'n OTM op betaaldag.

Hy stap na die spietkopmotor, waar sy kollega met sy KFC-ek-kan-nie-'n servet-gebruik-nie-gesig sit, en terug na my toe.

"Eish! We have a problem!" Ek weet ek het geen uitstaande boetes nie, maar kyk hom vraend aan.

"Sêr, there's a fine dat I can detain you for. She's not on the system, but my station she's bringing it."

In hierdie stadium wil ek begin lag vir die wêreld se enigste oorlewende breinskenker, maar ek speel saam en vra wat ek kan doen.

"Eish, you know da force she does not pay too good. We're hungry and the kids she's hungry too . . ."

Ek vra toe hoeveel, en hy sê R1 000.

En omdat ek in 'n goeie bui is, speel ek saam. Ek verduidelik ek het nie kontant nie, maar my bankkaart lê by die werk.

"Dats fine, I'll come with you and you can bring me back."

Ek neem toe die mooi roete van Fourways af, en die pragtige uitsigte van Northdiff rol verby, verby die begraafplaas. Toe ons in Melville kom, begin ek impliseer dat ek vir 'n koerant werk (ek lieg, maar hy het ook gelieg).

Dit was genoeg om konstabel Holgesig baie ongemaklik te laat voel.
"No, sêr, I made da mistake... Please drop me at de robot." Maar ek hou aan ry en vra wat van al die petrol wat ek nou uitgery het?

Hy trek toe 'n R100-noot (seker van iemand wat vir sy leuens geval het) uit en vra kleingeld.

Ek verduidelik toe ek het nie kleingeld nie - ons is op pad om my bankkaart te kry, onthou?

Hy het gekla dat hy nou nie geld vir 'n taxi het nie, maar teen dié tyd was ek doof en laai hom by Campus Square af.

As julle dus 'n spietkop sien wat besig is om 'n geleentheid noord te soek, onthou: Dis ek wat sy drol geklink het.

Het ek die saak aangemeld? Nee, wat sal dit help? Maar ek dink hy het sy les geleer!

[Hierdie storie het 'n anonieme bron.]

Jy sal tot 18 Julie moet wag vir jou volgende
KAMMANUUS